basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

**NOVEMBER 2025**

**VRYSTAAT**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

## AFDELING A: DRAMA

## VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | (Op) Saterdag/Saterdae | 1 |
| 1.1.2 | • Hy moes sy gemeenskapsdiens daar doen.<br>• Wilma het gesê hy kan sy gemeenskapsdiens daar kom doen.<br>• Dit was sy straf vir die verkeerde ding wat hy gedoen het/die katjies wat hy doodgemaak/verdrink/vermoor het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.1.3 | • Die prokureur/Lucky se prokureur/prokereur*(verkeerd gespel)*<br>• (Mevrou) Bekker<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.1.4 | • Lucky het begin werk.<br>• Lucky het die stalle begin skoonmaak.<br>• Lucky het gedoen/gemaak soos Wilma/sy gesê het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.2 | C/hy hom nie sal laat voorsê deur ander mense nie. | 1 |
| 1.3 | • 'n Toebroodjie/brood(jie)<br>• ('n) Brood(jie) met ham en kaas<br>• ('n) Brood(jie) met vleis en mosterd<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4.1 | positief te verander | 1 |
| 1.4.2 | oordeel | 1 |
| 1.5.1 | D/Binki het haar littekens weggesteek, want sy was skaam daaroor. | 1 |
| 1.5.2 | E/Wilma was ongeduldig met Lucky wat gedink het net spoiled brats ry op haar perde. | 1 |
| 1.5.3 | A/Lucky het met Binki gespot. | 1 |
| 1.5.4 | C/Lucky het jammer gevoel vir homself. | 1 |
| 1.6 | • Lucky is op die perdeplaas afgelaai.<br>• Wilma het vir Lucky vertel hoe die perde ander kinders help.<br>• Binki het vir Lucky vertel van hulle huis wat gebrand het.<br>• Lucky het "Sabrina" na "Ma" op Binki se foon verander.<br>*(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.7 | • Dit het Wilma kwaad/vies/ongelukkig gemaak.<br>• Kinders praat nie so met grootmense nie.<br>• Lucky was daar om sy straf uit te dien/'n werk te doen.<br>• Dis nie hoe sy ma hom geleer het nie.<br>• Dit is slegte maniere.<br>• Dit wys nie respek nie/Lucky het nie respek vir Wilma nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.8 | • Lucky sou dalk sy gemeenskapsdiens op 'n erger plek (soos 'n hospitaal/lykshuis) moes doen/kon tronk toe gaan.<br>• Lucky het gewys dat hy nie weer in die moeilikheid wou beland nie.<br>• Lucky het toe begin doen wat hy veronderstel was om te doen.<br>• Lucky het besef dat Wilma nie gaan aanhou om sy streke te duld nie.<br>• Lucky was bang vir die prokureur/magistraat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.9 | • Wilma besef sy werk met 'n kind.<br>• Sy wys dat sy in beheer is van die situasie/nie vir hom skrik nie.<br>• Sy verstaan Lucky se situasie/optrede./Sy wys dat sy begrip het vir hom.<br>• Sy het aangebied dat hy op die plaas kan kom werk.<br>• Sy is die volwassene in die situasie/daal nie af na sy vlak nie.<br>• Wilma het uiteindelik goed saam met Lucky gewerk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | • Dit wys dat Lucky nie op die perdeplaas wil wees nie/Lucky se frustrasie.<br>• Dit wys Lucky se negatiewe houding/dat Lucky kwaad is/ongelukkig is.<br>• Dit pas by Lucky se karakter/maak die karakter geloofwaardig.<br>• Dit is hoe Lucky praat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | Kaizer het ...<br>• sy kop opgeruk/geswaai.<br>• Lucky teruggestamp.<br>• kwaai gerunnik/geraas.<br>• (dreigend) rondom en bo-oor Lucky getrippel.<br>• Lucky teen die staldeur vasgekeer.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.12 | • Lucky het gedink hulle mors met armes/sien armes nie raak nie/dink armes het nie gevoelens nie.<br>• Hy het gedink ryk mense gee meer om vir diere as vir arm mense.<br>• Die ryk mense vir wie sy ma gewerk het, se een kat het soveel gekos soos sy ma in twee maande verdien het.<br>• Lucky het self swaargekry/was arm.<br>• Lucky het gevoel dat die ryk mense sy ma uitbuit/dink hulle is beter as arm mense.<br>• Lucky se ma se werkgewers/die ryk mense het haar min betaal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.13 | 'n vergelyking | 1 |
| 1.14.1 | Ma | 1 |
| 1.14.2 | verkeerd | 1 |
| 1.14.3 | selfoon | 1 |
| 1.14.4 | arm | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15 | C/nie kon glo dat Lucky in Kaizer se stal was nie. | 1 |
| 1.16.1 | ongelukkig | 1 |
| 1.16.2 | haarself en haar situasie aanvaar | 1 |
| 1.17 | Binki ...<br>• is in matriek/graad 12.<br>• is besig met matriek/graad 12.<br>• doen haar matriek aanlyn/deur korrespondensie/die pos/van die huis af.<br>• Binki is nog besig met skool.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18.1 | E/Die perde het hierdie karakter gehelp om nie meer bang te wees vir hulle nie. | 1 |
| 1.18.2 | C/Die perde het vir hierdie karakter kans gegee om ander kinders te help. | 1 |
| 1.18.3 | D/Die perde het hierdie karakter gehelp om homself te vergewe (*forgive*). | 1 |
| 1.18.4 | A/Die perde het vir hierdie karakter die kans gegee om vry te kan beweeg. | 1 |
| 1.19 | Sy ma ...<br>• het haar werk verloor.<br>• het daarna vir 'n kleiner salaris/minder geld gewerk.<br>• moes saam met hom hof toe gaan/was skaam oor sy optrede.<br>• was hartseer/teleurgesteld.<br>• het altyd spanning/stres oor Lucky se optrede gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.20.1 | Ek sou ...<br>• eerder probeer vriende maak het met die perde.<br>• probeer het om meer van perde te leer.<br>• nie op die perde geskree het nie.<br>• nie vir Tinkerbelle skrik/bang gemaak het nie.<br>• nie lelik met Lady Jane gepraat het nie.<br>• nie vir Kaizer met die karwats probeer slaan het nie.<br>• na hulle gekyk/versorg het.<br>• met die perde gehelp het.<br>• die perde goed/met respek/met liefde behandel het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat kan algemene feite of spesifieke insidente noem.)* | 1 |
| 1.20.2 | • Dit is goed om nuwe dinge te leer.<br>• Dit sou die situasie vir almal beter gemaak het.<br>• Die perde is onskuldig/dit is nie hulle skuld dat ek gemeenskapsdiens moes doen nie.<br>• 'n Mens moet respek vir diere hê.<br>• Die perde sou positief teenoor my opgetree het.<br>• Perde is vriendelike/oulike diere.<br>• Ek hou van perde.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 1.21 | In die slot het ...<br>• al die perde saam met die kinders (in 'n sirkel) geloop/ gehardloop.<br>• Lady Jane gekom toe Lucky haar mooi roep.<br>• Lady Jane toegelaat dat Lucky/Binki haar neus streel.<br>• Tinkerbelle langs Binki geloop/gehardloop.<br>• Kaizer gekom toe Lucky hom roep.<br>• Kaizer saam met Lucky in die sirkel geloop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KORTVERHALE

## VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

## VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | Jakob | 1 |
| 2.1.2 | Rusoord | 1 |
| 2.1.3 | • Willem het gesterf.<br>• Willem was dood/is oorlede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.1.4 | Willem is begrawe/gebêre.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.2 | B/baie bang was. | 1 |
| 2.3 | treindrywer | 1 |
| 2.4.1 | vriende | 1 |
| 2.4.2 | nagekom moet word | 1 |
| 2.5.1 | E/Jakob het nie van lawwe ou vrouens gehou nie. | 1 |
| 2.5.2 | A/Jakob wou seker wees wat gebeur wanneer jy sterf. | 1 |
| 2.5.3 | D/Jakob was baie bang vir spoke. | 1 |
| 2.5.4 | B/Jakob het nie meer gevoel dis nodig om jou lewe reg te leef nie. | 1 |
| 2.6 | • Daar was baie ander mense wat gewag het om 'n kamer te kry./Die waglys vir kamers was lank./Die ouetehuis kon geld gemaak het.<br>• Jakob sou nie so alleen wees nie.<br>• Daar sou iemand wees met wie hy kon gesels.<br>• Dit sou sy aandag van Willem se dood afgetrek het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.7 | • Hy kon met niemand oor sy hartseer/vrees praat nie.<br>• Die ander mense sou hom dalk kon help om Willem se dood te verwerk.<br>• Die ander mense sou hom by ander dinge kon betrek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.8 | • Ek sou ook bang wees, want 'n mens sukkel nie met geeste/spoke nie.<br>• Ek sou ook gebid het, want spoke maak my ook bang.<br>• Ek is nie bang vir spoke nie; ek wil weet wat wag na die dood op my.<br>• Ek sou nie bang gewees het nie, want Willem was my vriend.<br>• Ek sou rustig gewag het, want Willem was 'n man van sy woord/sou wel die teken gebring het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9 | • Dis om te wys hoe bang hy is (dat Willem sal kom spook).<br>• Hy wil nie hê Willem moet kom spook nie.<br>• Hy beveel Willem om weg te gaan, (want hy wil nie hê hy moet kom nie).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10 | • Jakob se ergste vrees het verdwyn.<br>• Jakob het aanvaar dat die dood die einde is.<br>• Jakob het gesukkel om die bottel oop te kry.<br>• Presies om halfses het die bottel se prop oopgedraai.<br>*(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |

**VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.11.1 | kantien | 1 |
| 2.11.2 | drink | 1 |
| 2.11.3 | hoteleienaar | 1 |
| 2.11.4 | slegmaak | 1 |
| 2.12 | • Rooikoos het in die hotel (op sy dorp) gewoon.<br>• Rooikoos het sy plaas verloor/nie meer 'n plaas gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.13 | Rooikoos het veroorsaak dat ...<br>• die losskakel geskrik/misgeskop het.<br>• Barrydale nie gewen het nie.<br>• die Barrydalers kwaad was vir hom (en hom gestraf het).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.14 | 'n vergelyking | 1 |
| 2.15 | C/te laag was om die bal tussen die pale deur te stuur. | 1 |
| 2.16.1 | C/Rooikoos se dorpspan het nie goeie rugby gespeel nie. | 1 |
| 2.16.2 | E/Almal het gedink Rooikoos is die beste. | 1 |
| 2.16.3 | A/Die Barrydalers het die kans gekry om Rooikoos weg te vat. | 1 |
| 2.16.4 | D/Rooikoos het die hotel op sy dorp gebel om te hoor of hy daar is. | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.17 | Hulle het Rooikoos ...<br>• se baard afgeskeer.<br>• se hare swart gekleur.<br>• in die hotel op Barrydale gelos.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.18.1 | bakleierig | 1 |
| 2.18.2 | het nie geweet wie hy is nie | 1 |
| 2.19 | Wanneer hy baie gedrink het, het hy ...<br>• hom sleg gedra.<br>• nie geweet wat hy doen nie.<br>• rusie met ander gesoek.<br>• probleme vir homself veroorsaak, bv. al sy eiendom verloor.<br>• in die moeilikheid beland.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat kan ook spesifieke voorbeelde noem, bv. dat hy op die losskakel geskree het.)* | 1 |
| 2.20 | • Hy kon besef dat hy nie meer so baie moet drink nie.<br>• Hy kon sy lewe regruk.<br>• Hy kon om verskoning gaan vra vir sy swak gedrag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.21.1 | Ek sou ...<br>• Rooikoos uitgelos het.<br>• met my span geraas/gepraat het.<br>• mooi met Rooikoos/die ander ondersteuners gaan praat het.<br>• dinge net so gelos het/nie by die sportaktiwiteit/ondersteuners se gedrag ingemeng het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.21.2 | • Rooikoos was dronk/het nie geweet wat hy doen nie.<br>• My span het onnodige foute gemaak./Die losskakel moes hom nie aan ondersteuners steur nie/op die spel fokus.<br>• Ondersteuners moet besef dis net sport/swak sportmangees om hulle sleg te gedra.<br>• Dit was net 'n sportwedstryd.<br>• Daar sal altyd mense wees wat hulle swak gedra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VRAAG 3: OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Peet (Brink) | 1 |
| 3.1.2 | (By die) kerk(verkoping)/koektafel/prystafel | 1 |
| 3.1.3 | • Kit se gebak/terte het nie gewen nie.<br>• Tant Nelie se veerpluime het weer gewen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.1.4 | (Met) sy ma | 1 |
| 3.2 | C/spesiaal was en weggebêre is. | 1 |
| 3.3 | slaapkamer | 1 |
| 3.4.1 | manipuleer | 1 |
| 3.4.2 | alles kan verloor | 1 |
| 3.5.1 | D/Kit was desperaat *(desperate)* om te kry wat sy wou hê. | 1 |
| 3.5.2 | C/Peet was so verlief op Kit dat hy alles sou probeer om haar gelukkig te maak. | 1 |
| 3.5.3 | E/Tant Nelie was teleurgesteld in Peet. | 1 |
| 3.5.4 | A/Ursa was so lief vir Peet dat sy enigiets sou doen om hom gelukkig te maak. | 1 |
| 3.6 | • Tant Nelie het die Susters se byeenkoms bygewoon.<br>• Tant Nelie het ingekom terwyl Peet en Ursa in haar goed gekrap het.<br>• Peet het tant Nelie se resep vir Kit gegee.<br>• Peet het besef dat hy eintlik lief is vir Ursa.<br>*(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)* | 1<br><br>1<br>1<br>1 |
| 3.7 | • Die resep was ...<br>o eie aan die Maré-familie.<br>o jare lank in die Maré-familie se besit.<br>o Ursa se troupersent/vir Ursa gebêre.<br>• Dit was vir tant Nelie om te besluit wat sy met die resep wou maak/met wie sy die resep wou deel.<br>• Tant Nelie was onder geen verpligting om die resep met ander mense te deel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.8 | Ursa het ...<br>• tant Nelie seergemaak/teleurgestel.<br>• iets van haar eie familie/iets wat jare lank (vir haar) bewaar is, weggegee.<br>• toegelaat dat Peet haar gebruik (tot sy eie voordeel/ter wille van iemand soos Kit).<br>• Peet gehelp om iets verkeerd te doen.<br>• nie vir Peet gesê hy tree verkeerd op nie.<br>• geweet dis altyd verkeerd om te steel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | Ek sou ...<br>• kwaad/ongelukkig wees.<br>• gevoel het dat sy onregverdig/onredelik/selfsugtig is.<br>• gevoel het dat sy my net gebruik.<br>• gewonder het of sy regtig lief is vir my.<br>• gewonder het of dit die regte ding sou wees om met haar te trou.<br>• gedink het dis beter om haar te los.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | Die skrywer beklemtoon ...<br>• hoe onregverdig/onredelik Kit eintlik is.<br>• hoe graag sy die beste wou wees.<br>• dat sy ten alle koste haar sin wou kry.<br>• dat Peet in 'n moeilike situasie was.<br>• dat Kit net aan haarself gedink het.<br>• dat Kit nie bereid was om die resep prys te gee/toe te gee nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "LEUENS" – C M van den Heever**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.11.1 | rok | 1 |
| 3.11.2 | Woensdag | 1 |
| 3.11.3 | snobs | 1 |
| 3.11.4 | Westcliff | 1 |
| 3.12 | • Sy het dadelik besef dat sy en Olga in verskillende wêrelde beweeg.<br>• Sy was skaam (oor haar man/huislike omstandighede).<br>• Sy wou nie hê Olga moes die waarheid agterkom nie.<br>• Lank gelede was Naomi se familie ryk mense.<br>• Naomi het nie geweet hoe om te verduidelik wat in haar lewe gebeur het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.13 | • Haar man kon nie lank 'n werk hou nie.<br>• Haar man het sy werk as onderwyser verloor.<br>• Haar man was werkloos.<br>• Haar pa is bankrot.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.14 | personifikasie | 1 |
| 3.15 | Naomi se man ...<br>• was nooit 'n spesialis nie.<br>• het sy werk as onderwyser verloor.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.16.1 | E/Olga het Naomi genooi om by haar te gaan kuier. | 1 |
| 3.16.2 | C/Naomi het self haar hare met 'n ou yster gekrul. | 1 |
| 3.16.3 | A/Olga het besef dat Naomi vir haar gejok het. | 1 |
| 3.16.4 | B/Naomi was papnat toe sy by haar huis in Vrededorp gekom het. | 1 |
| 3.17 | C/geweet het haar seuntjie was die een goeie ding in haar lewe. | 1 |
| 3.18.1 | ongelukkig | 1 |
| 3.18.2 | die beste van haar omstandighede te maak. | 1 |
| 3.19 | • Hulle het mekaar laas op skool/tien jaar gelede laas gesien.<br>• Daar was op skool al verskille tussen hulle.<br>• Hulle wêrelde het te veel verskil.<br>• Olga het verander.<br>• Olga was net die beste gewoond/ken nie armoede nie.<br>• Olga was baie materialisties.<br>• Olga weet dat Naomi leuens vertel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.20 | Haar man ...<br>• het haar weer 'n snob genoem.<br>• was vies omdat sy laat gekom het.<br>• het gewag dat sy terugkom om vir hulle kos te maak.<br>• het nie solank vir hom en sy kind kos gemaak terwyl Naomi gekuier het nie.<br>• het voor die seuntjie met Naomi geraas/lelike dinge gesê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.21.1 | Ek sou ...<br>• vir Olga die waarheid vertel het.<br>• die kuier geniet het.<br>• vir Olga gewys/gesê het dat armoede nie beteken ek is minderwaardig nie.<br>• probeer het om oor die goeie ou dae te gesels.<br>• meer oor my seuntjie gepraat het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.21.2 | • Olga het in elk geval agtergekom dat Naomi gelieg het.<br>• Leuens kom altyd uit.<br>• Dis nie 'n skande om arm te wees nie.<br>• Armoede beteken nie dat jy sleg is nie.<br>• Dis nie altyd jou skuld dat dinge verkeerd loop en jy arm is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou